

## FOCUS ON LATEST DEVELOPMENTS IN RESEARCH AND DEVELOPMENT

Bladsy

**04**

Deur: Alberto Brandt and  
Andries Daniels, Raisins SA

## INNAME VOLUMES 2024

Bladsy

**12**

Deur: Madene Conradie,  
Raisins SA

## HEFFINGSAANSOEK PROSES 2025 - 2028

Bladsy

**35**

Deur: Raisins SA

## IN DIE UITGAWE:



Rentekoers bewegings  
in 2024

Bladsy

**22**



Business Development  
Strategic Partner

Bladsy

**26**

## CONTENT DISCLAIMER AND WAIVER

All information obtained from authors and/or various role players within the sector was done and compelled by the various entities as cited under each article. This is the opinion of the various authors, as indicated. Raisins SA cannot be held liable for any misleading and/or faulty data.

It is however the responsibility of Raisins SA to evaluate the quality and/or accuracy of all content published to ensure that all role players obtain the most accurate and latest studies and/or news within the sector, while taking account the author's right to freedom of speech. As Raisins SA is not the author of all the content, Raisins SA will not accept any liability with regards to published articles/statistics/data analysis and/or any other related data/factual article published.

Raisins SA would also like to emphasize that all information received and/or sent will be utilized for the intended purpose and protected in terms of the POPIA Act.

# Voorwoord

## Weerpatrone en markte speel saam

Dit is met groot verligting en dankbaarheid dat die rosynebedryf 'n drastiese beter oes het vir die afgelope 2023/24 seisoen, in vergelyking met die afgelope twee tot drie seisoene.

Die toetrede van 'n organisasie soos die IDC, met 'n kontantinspuiting van ongeveer R220m, tot die bedryf het 'n wesenlike bydrae gemaak tot die herstel vanuit 'n kontantvloei oogpunt. Dit het die nodige kontantvloei gebied aan produsente, om wel aksies en praktyke te kan volg om munt te slaan uit die huidige goeie weerstoestande. Ons is verheug dat ons 'n goeie oes gaan afhaal en dat die marktoestande ideaal is om verder te kapitaliseer tot die herstel van ons bedryf. Groot produksieverliese is in Turkye en ander noordelike halfgrond lande soos Iran en Afghanistan gely. Wêreldproduksie is dus wesenlik belemmer, met wêreldoordragvoorraad wat terselfdertyd uit die weg geruim is.

Verder, in die suidelike halfgrond produksiegebied, lyk dit of die goeie tafeldruive oes in veral Argentinië en Chili, gelei het dat minder volumes na droogdruive allokeer was, wat verder die volumes beperk.

Chili het ook nie 'n goeie produksieseisoen beleef nie, ook nie Australië nie.

Die bostaande is duidelik sigbaar in die sterk opwaartse druk op pryspunte en navraag vir SA produk wat sterk deurkom.

In konteks tot die herstel, wil ons aan al ons verpakkers, banke en diensverskaffers wat produsente en die bedryf bygestaan het oor die afgelope twee tot drie seisoene dankie sê vir die samewerking.

Ongelukkig is daar steeds baie werk wat moet gebeur om 'n volle herstel te bewerkstellig. Een van hierdie aksies is 'n hervestigingskema om toegang te gee tot kapitaal wat benodig word vir hervestigings van wingerde met nuwe kultivars, wat agterweë gebly het oor die afgelope drie seisoene.

*Sterkte vir die afsluit van die seisoen.*

*Groete,*

Ferdie



# Inhoud

## NAVORSING & ONTWIKKELING

02. Algemene seisoen oorsig >

04. Focus on latest developments in Research and Development >

06. Plant SA – Plantmateriaaldag >

07. Weather report >

## MARKTOEGANG, INTELLIGENSIE & ONTWIKKELING

12. Inname volumes 2024 >

14. Verpakkersbrandpunte >

16. Frudata terugvoer – 2023 Seisoen >

18. VK besoek aan SA >

20. Landbou se toekoms word in 2024 bepaal vir die volgende decade >

21. Landbou onder druk, rosyne bedryf skep asem >

22. Rentekoers bewegings in 2024: Is daar vooruitsigte vir verligting? >

24. INC Statistics Committee >

## BUSINESS DEVELOPMENT STRATEGIC PARTNER

26. Business Development Strategic Partner >

## TRANSFORMASIE

29. SA GAP DRYING FACILITY AUDITS 2024 >

30. Potato SA symposium charts path for industry transformation >

33. SCATEC BURSARY PROGRAM ORIENTATION >

## INLIGTING & KOMMUNIKASIE

35. HEFFINGSAAANSOEK PROSES 2023 – 2025 >

38. Direksie skuiwe >

39. SAGAP oudits 2024 >

40. Verhoging in die nasionale minimumloon >

43. Spiced Orange and South African Raisin Hot Cross Buns >

45. Kantoornuus >

47. Kalender >

## BEDRYFSTRUKTURE

51. GARIEP WATCH TERUGVOER >

53. Droogduif Lugspatte 2023/2024 >

56. Wie en wat is Culdevco >



# Navorsing & Ontwikkeling

# Algemene seisoen oorsig

Deur: Stefan Jordaan, Raisins SA

*Die seisoen het weggetrek die jaar met dié gunstigste omstandighede in jare. Oor die algemeen het die seisoen 7 – 10 dae later begin as die vorige jaar, wat dit meer in die normale tyd sit.*

Reënval het met wolkbreuke hoofsaaklik om Upington geskied waarby die meeste ander areas min tot geen reënval ontvang het. Ongelukkig het daar hael laat Desember 2023 en vroeg Januarie 2024 in spesifieke areas baie skade gemaak. Weersomstandighede is baie gunstig vir die droog van rosyne en daar is rekords gemaak met die hoeveelheid kere wat baie van die bane hergebruik is – in sommige gevalle tot 4 maal.



**Figuur 1**

Goeie kwaliteit druive tot rosyne



**Figuur 2**

Merbein Seedless 4 Maart begin natuurlik droog weens optimale rypheid wat oorskrei is

Basies alle blokke, onafhanklik van kultivar, het hierdie seisoen aansienlik verbeterde produksie en wat uitstaan in baie gevalle is die baie goeie droogverhoudings.

Dit is interessant om te let dat daar hierdie seisoen, omdat blokke nie gedruk is weens klimaat nie, gelos word vir optimale suikers, maar daar dan gesien word hoe 'n druiwetros sy optimum rypheidsgraad bereik waarna agteruitgaan.

Daar is nog 'n groot deel van die oes op die droogbane en skattings sal in vele gevalle oortref word. Wat wel baie laer is hierdie seisoen is die tafeldruive korrels wat inkom, wat aandui dat dit ook 'n uitstekende seisoen vir hulle was met goeie pryse.

Boord higiëne is belangrik en baie van die nuwe kultivars is geneig om natrosse te vorm wat bly hang na die oes. Verwyder die trosse om potensiële insekdruk investasie te verminder. Die natrosse is die perfekte bron vir vrugtevlug en oor tyd bou die populasie en kan later groot ekonomiese skade maak. Raisins SA se R&D span het die seisoen van die probleemareas gaan monitor en druive meet sodat ons akkurrater ekonomiese impak kan bepaal. Daar sal later in die jaar in diepte terugvoer hieroor gegee word.

### Oranjerivier

Oor die algemeen lyk blokke goed, veroudering en hitte maak dat blare bruin vertoon maar goeie opberging van reserwes behoort heirdie seisoen gemaklik plaas te vind.

Daar word witroes opgetel in alle areas en dit is belangrik om goeie programme te bestuur in samewerking met jou gewasspesialis. In sekere dele is daar donsskimmel opgetel, maar met die ekstreme hitte blyk dit dat die spore uitdroog.

### Olifantsrivier

Daar is periodies donsskimmel in die Vredendal area – Vanrhynsdorp baie min. Die vroeë kultivars het goeie produksies en korente ook gemiddelde oeste.

Vrugtevlieg is 'n toenemende uitdaging in die area, met die baie diverse gewasverbouing blyk dit die populasiegroei is toenemend en word daar skade op rosyne opgetel.



***Figuur 3***

Vrugtevlieg lokval na een week (Augrabies)




***Figuur 4***

VAMF se kultivar evaluasieblok geplant 2023. Goeie klimaat hierdie seisoen skep baie gunstige groeitoestande.

### Algemeen

Na 'n seisoen is daar kritiese aksies wat optimale reserwe opbouing verseker vir die komende seisoen se oes:

- Verseker goeie swambestuur met witroes en donsskimmel. Gesonde blare is die fabriek van die wingerdstok.
- Besproeiing is krities, veral met die gereelde hittegolwe kan dit vroeë blaarval vererger.
- Wingerde moet oopgetop bly om goeie deurlig & lugting te behou.
- Beste tyd vir onkruidbeheer is hierdie tyd van die jaar (Maart-April).



***Figuur 5***

Merbein Seedless Maart (Oranjerivier)



# Focus on latest developments in Research and Development

By: Alberto Brandt and Andries Daniels, Raisins SA



*Not even a year since the article “Prospects for Research and Development at Raisins SA” appeared in the Raisins SA Second Quarter Newsletter that detailed the importance of knowing and understanding the different research types and basing the needs of the industry on that; we are delighted to share the latest development that the R&D department at Raisins SA has to offer.*

The most important and exciting one being the drying facility that was established at the Vine Academy and Model Farm. This is in addition to the other exciting trials already being conducted there. These include the rootstock trials being conducted by Provar, the independent cultivar evaluation organisation, the dry on vine (DOV) trials at Kromhout and the first ever exclusive raisin cultivar evaluation block established in September 2023 using ‘langbeenstokke’ on different rootstocks. The main objective of establishing such a block is to enable any interested parties to come and evaluate their latest best potential raisin grape cultivars there. A kind of one-stop-shop for new and best performing raisin grape cultivars. Latest developments on the DOV trial are the investigation on the possible effect of DOV on the carbohydrate status and growth of the vines.

What makes the new Raisins SA drying facility so exciting, however, is that it boasts almost all the different types of drying methods in which raisins can be made other than the one for sulphur pre-treated raisins known as Goldens.



This will hopefully be fully established by next year. The largest section of the facility is currently occupied by the traditional cement floors. A section of the cement floors was used to construct OR racks and the rest of the facility is occupied by Thompson Racks and a gravel track. Some gravel was also placed under one of the Thompson racks to determine whether this will also have any effect on the drying rate.

All these types of drying methods create a unique tasting raisin and gives producers an array of choices that can suit their preferences and business objectives. The facilities are designed and constructed to certain specifications that not only makes the use thereof ergonomical and the drying process more effective, but financially viable as well. Also, the facility will comply to the relevant Food, Health, and Safety regulations.

The construction of this drying research facility also afforded us the opportunity to evaluate the effect of fruit-drying oils on the raisin quality when immersing the grapes for different periods of time - one treatment of 30 seconds and the other of 3 minutes. Each type of drying method was used to evaluate this i.e. the cement floors, the Thompson rack, sulphur pre-treated, and the gravel track. Nets of different shading percentages (40% and 80%) were also used during this specific trial.



Two different cultivars i.e. Selma Pete and Merbein Seedless was used for the experiment.

It will be interesting to see what the results will be once all the data has been analysed, especially the quality of raisins that was obtained for a cultivar such as Sema Pete, that has the tendency to form partially dried berries while still on the vine which may cause a variation in raisin colour composition. Ideally the colour should be uniform to achieve high choice grade scores for SA Sultanas.

The hope is that trials of this nature will be viewed in a positive light by the raisin production industry since they aim to answer questions that have been long asked in terms of which drying methods provide the best raisin type and quality. Outcomes of such trails usually assists to improve upon existing knowledge but may also help to create new knowledge and techniques.

Another positive development for the R&D division is the early exposure of students at the Vine Academy and Model Farm to research. This is greatly beneficial because they get to experience and understand R&D during the introductory phase of their educational and vocational development.





Prof. Pietersen spreek die bywoners toe.



## Plantmateriaaldag

Deur: Michael Redelinghuys & Stefan Jordaan, Raisins SA

*Op 24 Januarie het PlantSA 'n plantmateriaaldag aangebied by die Vine Academy and Model Farm.*

Die dag het afgeskop in die Vine Academy en Model Farm se konferensielokaal, waar produsente en bedryfverteenwoordigers, asook kwekers bymekaargekom het. Stefan Jordaan (Raisins SA) het agtergrond gegee oor die blok wat op die dag ondersoek is. In die land was wingerdstokke gemerk met rooi en geel kleefband om te onderskei tussen die wingerdstokke wat positief of negatief getoets het vir rolblaar tipe 3. Die besoekers kon self deur die blok stap en kyk of hulle verskille kon raaksien.

Prof. Gerhard Pietersen (Patho Solutions) het daarna uitgebrei oor die moontlike effek wat virusse, spesifiek rolblaar virus, op 'n jong wingerdstok kan hê. Virus oor die algemeen is nie veronderstel om sy eie gasheer dood te maak nie, maar kan 'n bydraende effek hê as daar ander stresfaktore tesame met die wingerdstok kom. Dr. Albert Strever (Universiteit Stellenbosch) het daarna profielgate ondersoek en aan die besoekers verduidelik waarna om te kyk. 'n Belangrike wenk wat deur Dr. Strever genoem is – “Wortels wil in die water lê nie, maar soek 'n balans tussen vog en suurstof.” Rachel Kriel (PlantSA) was later aan die woord in die konferensielokaal en het baie belangrike statistieke getoon oor die stand van die bedryf met betrekking tot plantsertifisering, vatpersentasies, beskikbaarheid van plantmateriaal en die effek wat virus gereinigde stokke het op die vatpersentasie. Die dag is in die aanloop tot verdere werk wat verrig word deur Raisins SA en PlantSA om konstante verbeterings te bewerkstellig in die bedryf wat die begin van 'n langtermyn gewas is. In Augustus gaan die ondersoeke wat geloods is opgevolg word deur 'n opvolgssessie van die onderwerp asook beste praktyke in hierdie verband.

*Baie dankie aan al die produsente wie moeite gedoen het om die dag by te woon, in die middel van oestyd.*



Dr. Strever in die profielgat.




# Weather report


By: Stacey Flemming and Michael Redelinghuys, Raisins SA

Source: METOS Field Climate


1




2




3




4



5




6







7




10




8




11



9




12







13




16




14




17



15



18





# Laai die FieldClimate toep af vir **live** weer en **uurlikse** weervoorspellings



## Login details:


Username: Raisinsa

Password: Demo1

Baie dankie aan ons weerstasie borge:

**METOS**<sup>®</sup>  
BY PESSL INSTRUMENTS

 **PEPSICO**





# Marktoegang, -intelligensie & -ontwikkeling



# Inname volumes 2024

Deur: Madene Conradie, Raisins SA

Die 2024 innames is in volle swang, en die voorsuitsigte vir verligting en 'n aansienlike beter jaar as die afgelope twee tot drie jaar, bring 'n groot opgewondenheid onder alle rolspelers.

➔ Die oesskatting is in Desember 2023 beraam op 86 000 ton, met die volumes afkomstig van:

Oranjerivier	69 400 ton
Olifantsrivier	12 113 ton
Namibië	2 700 ton
Ander	1 800 ton
<b>TOTAAL</b>	<b>86 000 ton</b>

➔ Tot en met 15 Maart, lyk die innames as volg:


TOTAL VOLUME INTAKE (ORANGE RIVER, OLIFANTS RIVER and NAMIBIA)									
Product Type	2024/01/26	2024/02/02	2024/02/09	2024/02/16	2024/02/23	2024/03/01	2024/03/08	2024/03/15	"TOTAL (Week-To-Date)"
	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	Week 11	
Thompson*	1 026 430,85	2 812 108,29	3 688 222,13	4 930 571,01	5 621 380,27	6 564 991,38	7 986 944,05	9 960 676,29	39 405 628,77
Thompson JUMBO	63 044,95	84 782,21	111 314,64	96 851,00	68 406,08	143 360,37	67 321,03	113 376,67	755 985,94
Goldens	52 239,10	457 347,78	602 009,19	1 185 994,72	1 569 870,13	1 891 457,24	3 758 780,38	2 953 707,79	13 032 105,33
Goldens JUMBO	96 934,15	226 106,47	100 308,07	236 105,53	222 351,12	280 442,52	385 989,09	379 320,51	1 957 959,46
SA Sultana	414 228,20	617 555,00	602 373,00	472 841,00	363 763,00	410 103,00	239 495,25	133 332,40	3 282 122,35
OR Sultana	93 980,00	278 417,75	210 756,25	300 007,25	293 485,00	489 818,00	208 572,25	246 239,00	2 130 594,50
Flame	171 583,50	577 687,55	344 575,20	706 528,50	897 206,25	866 533,75	915 522,66	854 269,35	5 406 820,26
Currants	192 505,00	394 005,00	390 972,00	391 765,50	218 850,50	435 469,50	561 462,00	275 994,00	2 906 835,00
Other	348 361,25	681 250,25	623 763,25	450 271,25	410 533,49	390 929,25	306 102,00	616 376,25	4 070 505,98
<b>[TOTAL 2024]</b>	<b>2 459 307,00</b>	<b>6 129 260,30</b>	<b>6 674 293,72</b>	<b>8 770 935,76</b>	<b>9 665 845,84</b>	<b>11 473 105,00</b>	<b>14 430 188,71</b>	<b>11 533 292,25</b>	<b>71 136 228,58</b>



➔ **Teenoor 2020-2023 se innames vir week 11, vergelyk dit as volg:**

<b>[TOTAL 2024]</b>	<b>59 686 077,88</b>
<b>[Total 2023]</b>	<b>51 099 061,85</b>
<b>[Total 2022]</b>	<b>47 972 188,52</b>
<b>[Total 2021]</b>	<b>54 206 725,06</b>
<b>[Total 2020]</b>	<b>45 942 482,28</b>


Die samestelling van die innames vir 2024, word in Figuur 1 deurgegee:



Figuur 1

Die samestelling van die oes kan nog heelwat verander na die einde toe, wanneer die finale inname syfers beskikbaar is.

Tans is dit redelik in lyn met die industrie se volhoubaarheidswenslysie (soos bespreek op bladsy 14 van die nuusbrieff). Die Goues se persentasie sal heel moontlik oor die volgende paar weke verhoog, soos dit ingelewer word. Figuur 2 beeld die “wishlist” uit:



Figuur 2



*Ons is saam met ons produsente opgewonde vir ’n jaar wat verligting kan bring, en dat die komende jare selfs meer belowend sal wees!*





# Verpakkersbrandpunte

**Internasionale kopers soek betroubare, standvastige verskaffers, en soek nuwe markte indien daar te gereeld skommeling is. Dis onvolhoubaar om markte te probeer vestig op die rug van produsente wat korttermyn sienings het.**

Die verpakkers se uitdagings moet aangespreek word, om die langtermyn volhoubaarheid van die SA rosynebedryf te bevorder. Die vooruitgang van verpakkers bevorder weer die finansiële posisie van produsente – **die kern van die bedryf.**

**Produsente moet SAAM met die verpakkers ’n mark vestig vir ’n sekere produk teen ’n sekere kwaliteit en pryspunt.**

## Wenslysie vir SA produksamestelling:

PRODUK KATEGORIE	PERSENTASIE VAN PRODUKSIE	HOEEVELHEID TONNE (op ’n oes van 85 000 ton)
THOMPSONS	47%	35 000-40 000 ton
GOUES	23%	20 000 ton
FLAME	7%	6 000 ton
SA SULTANA	6%	5 000 ton
KORENTE	5%	4 000 ton
OR SULTANA	4%	2 000-3 000 ton
ANDER (TAFELDRUIWE)	8%	7 000 ton

## Die probleem is:

- die oes word as ’n geheel voorberei,
- besluite i.t.v. **produkkategorie** word op nr. 99 geneem,
- **produkprys** dien as sein vir **produksiebesluite**
- produsente weet nie wat die koste per kilogram is ten tye van oes nie (slegs ’n gemiddelde poel van kostes),
- **geen kostes** word bereken voor oes nie,
- **produsente sien die verpakkers as die eindverbruiker**, en “commit” nie tot ’n langtermyn strategie nie.

## Gevolgtrekking:

- Beperkte belyning tussen produsente en verpakkers.
- Produsente en verpakkers is SAAM verantwoordelik vir die kwaliteit van produk wat uitgevoer word.
- Produsente is nie klinies genoeg in die berekening van kostes per produk en winsmarges nie.
- Kontantbeperkings speel ’n groot rol in die keuse van verpakker, wat veranderinge op nr. 99 van verpakker kan beteken.
- Laaste minuut veranderinge aan produkkategorieë a.g.v. pryssein skep oor- of onderproduksie, wat kan lei na verlaagde pryse.
- Die rosynebedryf vereis ’n meer gefokusde koste berekeningsbasis.
- NB om meer produkkategorieë gedrewe te wees.



Turkye is 'n prysmaker, maar SA het een voordeel bo hulle: **kwaliteit**. SA het die voordeel om **vroeër SA sultanas** te produseer in vergelyking met die **Noordelike halfrond**.

**SA Sultana** kan bydra om strategiese **produkkategorieë** te balanseer.

**SA sultana** se **gradering** is gemiddeld **92%**, vs **Thompsons se 85%** (THS dus R1,5 beter af vs R3,5/kg in prysverskil)

**SA sultana** Kan **vroeër oes** (rente komponent – **R0,5 beter af**) – **verminder risiko** vir reën.

Dus is die **R20/kg vs R23/kg** nie **so groot nie**.



Hierdie verslag is deur 'n **derde party, onafhanklik van Raisins SA, opgestel.**

Die volgende verpakkers het deelgeneem:



## Slotsom:

Om die verpakkers volhoubaar te maak, en dus die produsente op hul plase te hou, is 'n meer geïntegreerde benadering in die waardeketting nodig, met nouer samewerking tussen produsente en verpakkers.



# FruData terugvoer – 2023 seisoen

Deur: Charl Koortzen, FruData

*FruData se ekonomiese  
winsgewindheidsontleding van die 2023  
rosyne seisoen bewys, soos die vorige jare,  
dat die rosynbedryf onder druk is.*



*Wat is die faktore wat winsgewindheid dryf? Hoe kan ons data/statistiek gebruik om daardie faktore uit te wys en om winsgewindheid te verhoog?*

## *Faktore wat 'n rol gespeel het:*

1. Rosynproduksie vir die 2023 seisoen was die swakste oor die afgelope vyf jaar. Produksieafname was oor tradisionele, sowel as nuwer kultivars.
2. Dit was die beste Keurgradering in vyf jaar.
3. Die rosyneprys het feitlik dieselfde gebly in vergelyking met 2019 (sien tabel onderaan).
4. Produkieskoste het met 30% toegeneem in vergelyking met 2019.

Al die bogenoemde faktore het wel 'n groot impak op die winsgewindheid/Netto Boerdery Inkomste (NBI) van rosyne gehad soos ons in die tabel onderaan kan sien. Die kontantinspuiting van die IDC het broodnodige kontantvloei voorsien, en in 'n mate verligting gebied\*.

2019 is as basis gebruik vir die indeks. As ons bv. na sondroog keurpryse kyk, het ons in 2023 20% minder gekry as in 2019 op Merbein.

*\*kontak asseblief u verpakker om meer uit te vind oor die IDC befondsing.*



	2019	2020	2021	2022	2023
<b>SONDROOG</b>	100	63	65	82	<b>80</b>
<b>SWAEL</b>	100	85	77	94	108
<b>SA SULTANA</b>	100	72	84	89	91
<b>GEMIDDELD</b>	100	79	72	85	<b>105</b>
<b>PRODUKSIESKOSTES</b>	100	109	112	123	<b>129</b>
<b>NBI</b>	100	7	-74	-75	-58

Tabel: Indekspryse (Keur prys Merbein) en kostes

Daar is wel produsente wie nog geld maak en gebaseer op die 2023 studiegroep resultate blyk dit dat sukses spruit vanuit 'n relatiewe eweredige verspreiding tussen nuwe en ou kultivars met goeie gemiddelde tonne, 'n 85%+ gradering, met effektiewe kostebestuur. Laasgenoemde sluit in spesifiek arbeidsproduktiwiteit en voldoende kunsmis en spuitstoftoediening.

Ons moet by 'n top-derde strategie uitkom met betrekking tot al die bogenoemde faktore ten einde die winsgewindheid te kry op 'n vlak waar die rosyneprodusent weer kan uitbrei/vervang om volhoubaar te bly.

Ongelukkig lê dit nie net in verhoogde produksie en kostebesparing nie, ons sal ook beter pryse en kultivars moet inspan om die volhoubaarheid te verseker.

Dit gaan dus oor die strategie van die produsent/bedryf en daarom is dit Frudata se missie om die regte kombinasie te kry tussen die bogenoemde faktore vir elke individu.





# VK besoek aan SA

Deur: Madene Conradie, Raisins SA

*Vanaf 21-25 Januarie 2024 het die volgende persone vanaf die VK 'n besoek aan Upington afgelê:*

- **Emma Carnaby** - Procurement Regional Lead Ingredients || **A B Foods**
- **James Weaire** - Managing Director || **Chelmer Foods**
- **Ben Campbell** - Buyer + Richard Lawrey - Technical Director || **Whitworths**
- **Niamh Leonard-Bedwell** - FMCG Editor || **The Grocer**

Die doel van die besoek was om die kopers bloot te stel aan die Suid-Afrikaanse rosynebedryf se verpakkers, en om hulle bewus te maak van ons uitstekende gehalte produk, ons beste praktyk standaarde wat toegepas word in terme van naspeurbaarheid, voedselveiligheid, higiëne, chemies en eties, asook ons strewe na volhoubaarheid.

Die kopers vanuit die groep, verteenwoordig ongeveer 40% van die VK mark se koopkrag. Dit was 'n waardevolle groep om hier te hê, en positiewe gesprekke is na afloop van die besoek gevoer met die geleentheid vir wesenlike verhogings in aankope vanaf Suid-Afrikaanse verpakkers.



David van der Merwe verduidelik die belangrikheid van die korrekte suikers op kultivars en rosyntipes om 'n kwaliteit produk te produseer.



*Die groep se besoeke het kortliks die volgende ingesluit:*

- Industrie aanbieding saam met Raisins SA span
- David van der Merwe – produksie van rosyne – stap vir stap
- PepsiCo – verpakkingsaanleg
- Carpe Diem Raisins – verpakkingsaanleg
- Khi Solar sonkrag aanleg - volhoubaarheid
- Besoek aan Gawie Steyn – organies en DOV blootstelling
- RedSun – verpakkingsaanleg
- Vine Academy and Model Farm – volhoubaarheid van bedryf
- Jan Mans – produksie van Goues
- Prosperitas – verpakkingsaanleg
- Augrabies Nasionale Park – ontspanning



*Dit was 'n voorreg om die groep bloot te stel aan beste rosyne in die wêreld, en om ons industrie se storie te vertel. Ons is optimisties en opgewonde vir die rippel effek wat hierdie besoek aan die uitvoersyfers gaan hê.*



Die proewe by die VAMF word deur Dr Andries Daniels en Stefan Jordaan aan die besoekers verduidelik.



# Landbou se toekoms word in 2024 bepaal vir die volgende dekade

Deur: Ferdie Botha,  
Raisins SA

*Die jaar (2024) is 'n groot jaar ten opsigte van internasionale verkiesings. Nie minder as 64 nasionale verkiesings vind plaas, met ongeveer 50% van die wêreld se populasie wat hul merk sal maak vir nuwe leierskap (Time Magazine, 2024).*

Die impak van die stem is wesenlik tot landbou, aangesien leierskap verkies word wat beleid bepaal wat direk landbou sal impakteer. In Suid-Afrika word die nasionale verkiesing gehou op 29 Mei 2024.



*Met groot uitdagings wat ons nasionale ekonomie in die gesig staar, is hierdie 'n baie belangrike datum.*



Hawens, paaie, beskerming van ons waterbronne en elektrisiteitvoorsiening (om net 'n paar te noem) is almal kritiese faktore wat geraak word hierdeur.

As bedryfsorganisasie in samewerking met ander bedrywe en georganiseerde landbou is dit belangrik dat ons betrokke is en aktief deelneem om verandering te bewerkstellig. Alhoewel dit nie 'n eenvoudige taak is nie, is dit belangrik dat ons aktief deelneem en ondersteuning bied vir ons boerdery gemeenskap.





# Landbou onder druk, rosyne bedryf skeep asem

Deur: Ferdie Botha,  
Raisins SA

*Die landbou bly 'n uitdagende sektor, met verskeie sikliese neigings.*

Daar is verskeie faktore (meestal ekstern tot die plaas) wat wesenlike invloede het op die sektor se welstand, wat onderandere klimaat (huidige El-Nino toestand), geo-politiese onstabieliteit (Rusland/Oekraïne en Isreal/Palestina oorloë), versteurnisse in die Suez-kanaal, gebrekkige plaaslike infrastruktuur ens.

As ons oorweging gee Agbiz/IDC se Landboubesigheid vertrouensindeks (ACI), word daar bevind dat daar 'n algehele laagtepunt tans heers in landbou, met 'n verswakking van 10 basispunte tot 'n ACI indekxvlak van 40. Dit is die laagste vlak in vetroue sedert die derde kwartaal in 2020 tydens die pandemie (Agbiz, 2024). Dit opsigself is nie 'n goeie prentjie nie, aangesien die 50 puntvlak as neutraal beskou word.

Alhoewel die rosynebedryf kon herstel gedurende die seisoen, bly daar steeds makro-faktore wat risiko bied vir landbou met ons bedryf daarby ingesluit. Die werk wat gedoen word deur ander bedrywe soos Hortgro, CGA en SATI, ondersteun ons aktiwiteite op verskeie fronte.

Die taak van die privaatsektor raak al hoe grootter om oplossing gedrewe te raak en noodsaak ons om nader saam met mekaar te werk en te verseker ons beskerm nie net die individuele belange van ons produsente nie, maar tree effektiewelik op in die belang van ons plaaslike gemeenskappe om te verseker dat goeie werksgeleenthede en voedselsekuriteit beskerm en bevorder word.



# RENTEKOERS BEWEGINGS IN 2024:

12%  
Is daar vooruitsigte vir verligting?

Deur: Marlene Louw, Absa

*Inflasiedruk gedurende 2022, het owerhede reg oor die wêreld genoodsaak om rentekoerse skerp te verhoog. Deur die loop van 2023 het dit verbruikers en besighede onder toenemende druk geplaas.*

In die Suid-Afrikaanse konteks was dit vererger deur kwessies soos beurtkrag. Aan die begin van die jaar was die hoop onder besighede en verbruikers, en die konsensus onder analiste, dat daar ruimte is vir rentekoerse om te verlaag. Dit was grootliks ondersteun deur die verlansaming in inflasie wat duidelik was in die tweede helfte van 2023. Met die eerste kwartaal van 2024 agter die blad, is daar egter hernude opwaartse inflasie risiko. Ons verken hierdie risiko's in die dele wat volg, en merk ook wat dit kan inhou vir rentekoersbewegings in 2024.

## *Kwessies in die Midde-Ooste*

Die uitbreiding van die oorlog tussen Israel en Ghaza hou beduidende inflasionêre risiko vir die wêreld in. Sedert die begin van die jaar het dit uitgekring in aanvalle op Westerse vragkepe in die Rooi See. Dit het etlike skeepsrederye laat besluit om nie die Suez kanaal te gebruik nie maar eerder die langer roete om die Kaap van Goeie Hoop te neem. Daar word beraam dat die roete deur die Suez Kanaal toelaat vir vyf vaarte tussen Europa en Asië per jaar. Die langer roete sal die hoeveelheid vaarte verminder na vier toe. As 'n mens verder die oneffektiwiteit van hawens langs die Weskus van Afrika in berekening bring, kan dit selfs so min as drie vaarte wees. Die impak hiervan, indien die situasie aanhou, is dat daar tussen 20% en 30% minder goedere Europa vanaf Asië kan bereik.



'n Verdere oorweging is die moontlikheid dat onstuimighede in die Rooi See, wat deur die Houti Rebelle groep gedryf word, kan uitbrei om Olie-infrastruktuur in die Midde-Ooste te teiken. Hierdie rebelle groep het in die verlede al Olie pyplyne en raffinaderye in Saoedi-Arabië geteiken. As 'n mens in ag neem dat 13% van die wêreld se olie van Saoedi-Arabië af kom, hou sulke moontlikhede in die streek groot risiko vir hoër inflasie in.

### *Nader aan die huis*

Suid-Afrika het ook plaaslike uitdagings wat die risiko op hoër en/of hardnekkige inflasie verhoog. Hiervan is die duidelikste seker beurtkrag en energie kostes wat die koste van vervaardiging en verberging deur waardekettings beduidend laat styg het. Die effek van bottelnekke by hawens is 'n verdere kwessie. Dit is al goed gedokumenteer in terme van die effek wat dit op uitvoerprestasie het. In Desember, het die oponthoud by Durban hawe egter ook invoere ontwrig. Vir Januarie het die Produsente Pryse Indeks (PPI) met 0.7% gestyg van 4.0% die maand tevore. Statistieke Suid-Afrika skryf hierdie verhoging toe aan beduidende verhogings in Masjienerie en Rekenaartoerusting, Petroleum en Plastiek Produkte en Vervoer Toerusting. Hierdie is tipiese produkte wat Suid-Afrika baie van invoer en ons is van mening dat die sprong in produksiekoste inflasie verband hou met ontwrigtings in waardekettings en tekorte wat deur die probleme by Durban hawe in November en Desember veroorsaak is.

Meer onlangs is die effek van 'n uiterse droë en warm Februarie op mielies en sojas ook iets wat hoër voedsel inflasie in die tweede helfte van die jaar kan verseker. Die eerste oesskatting wys dat die totale mielieoes met na verwagting omtrent 12% sal daal, in vergelyking met verlede jaar. Kenners meen egter dat dit nader aan 25% kan wees. Reënval gedurende Maart sal deurslaggewend wees i.t.v. die finale opbrengs en hoe dit inflasie sal dryf.

### *Die impak op makro-ekonomiese veranderlikes*

Die elemente hierbo uiteengesit dui op 'n toenemende waarskynlikheid dat rentekoerse hoër kan bly. In die internasionale arena sal die Verenigde State van Amerika se Federale reserwe heel waarskynlik die pas aangee in terme van rentekoers verlagings. Die feit dat daar risiko vir hoër inflasie is en dat indiensnemingsyfers in die land sterk bly, mag egter veroorsaak dat verligting in terme van laer rentekoers later gebeur as wat markte verwag. 'n Soortgelyke storie speel plaaslik af. Met inflasionêre druk wat nie wil wyk nie mag rentekoerse vir die grootste deel van 2024 op huidige vlakke bly. Op die oomblik is ons markvooruitskouing egter steeds dat ons teen die einde van 2024 'n 100 basis punt verlagings sal sien en dat dit in inkrementele van 25 basispunt-verlagings sal gebeur deur die loop van 2024 se tweede helfte. Februarie en Maart se inflasiesyfers sal deurslaggewend wees om te bepaal of daar verligting of kroniese pyn vir Suid-Afrikaanse verbruikers en besighede is.



# INC Statistics Committee

By: Chantelle Kotze, Raisins SA



Ferdie Botha

*Ferdie Botha is set to join the Dried Grapes (Raisins, Sultanas & Currants) Working Group under the INC Statistics Committee.*

The main goal of this Committee is to assist the INC in gathering statistical data to enhance the understanding of the nut and dried fruit industry's status and prepare for future challenges.

As a member of the Statistics Committee, the responsibilities involve providing and assessing a range of statistical data that is pertinent, timely, and dependable for dissemination to the industry, governments, and the public. The Committee is divided into 16 working groups, including Almonds, Brazil Nuts, Cashews, Hazelnuts, Macadamias, Pecans, Pine Nuts, Pistachios, Walnuts, Peanuts, Dates, Dried Apricots, Dried Cranberries, Dried Figs, Dried Grapes, and Prunes.

through various platforms like the Online Database, NUTFRUIT magazine, Statistical Yearbook, World Maps of Trade Flows, Annual World Nut and Dried Fruit Congress, and INC Newsletter.

**For his role in the working group, Ferdie Botha will be expected to:**

- Provide INC with statistics (production estimates, forecasts, beginning and ending stocks) and market reports for the NUTFRUIT magazine (3 times/year).
- Attend the Statistics Committee meeting (1 meeting/year during the INC Congress).
- Review the Statistical Yearbook (Dried Grapes chapter) (1 issue/year).
- Gather statistical data on production, stocks, planted hectares, supply and trade value, workforce, etc.

The current members of the Dried Grapes Working Group include the working group leader Ece Tirkaz (Aegean Exporters Association, Türkiye), along with Tomo Naito (Sun-Maid Growers of California, USA) and Jose Tomas Quezada (Pacific Nuts & Dried Fruits, Chile).



*INC (International Nuts and Dried Fruit) promotes the sustainable growth of nuts and dried fruit globally to improve consumption and benefit the businesses involved.*



Visit Website



# Business Development Strategic Partner (BDSP)



# Business Development Strategic Partner

*Deur: Stefan Jordaan, Raisins SA*

*In 2023 is daar 'n nuwe afdeling in Raisins SA geskep - Business Development Strategic Partner (BDSP).*

## *Hoekom is hierdie afdeling geskep?*

Oor die jare is daar 'n deurlopende behoefte vir grondvlak betrokkenheid, maar nie net tegnies nie - wel strategies op alle vlakke vanaf besigheidsplan opstelling tot by die implementering van 'n projek. Deurentydse voorsiening van opleiding is krities om te verseker die inwerkingstelling van so 'n projek/diens is volhoubaar.

Raisins SA het 'n strategiese belang om volhoubare, konstante produksie te kan lewer om 'n gesonde bedryf te verseker vir almal vanaf werkers, produsente, insetverskaffers, finansierders, verpakkers en uiteindelik die finale verbruiker. Dit is dus 'n uitgebreide diens en nie deel van die standaard statutêre dienste nie.

## *Die dienste sluit in:*

### **1. Komersiële produsente ondersteuning**

Indien daar 'n spesifieke area is waar 'n produsent ondersteuning/advies benodig byvoorbeeld besproeiing, bemesting, snoei.

### **2. Opkomende projekte**

- In baie gevalle is projekte al inisieer wat oor tyd nie suksesvol is nie en in sommige gevalle is dit ook as gevolg van 'n gebrek aan tegniese/finansiële vaardighede. Onder die program word die uitdagings identifiseer en 'n program word in werking gestel.
- Die projekte word verder ondersteun om te verseker die regte werk word op standaard gedoen, goeie plantmateriaal en die regte allokering van die fondse.
- Praktiese uitrol van navorsing- en ontwikkelingsprojekte.
- Vine Academy and Model Farm
- Kommersialisering van navorsing- en ontwikkelingsprojekte.



## Beskrywing van BDSP dienste

Aksie	Beskrywing
100 Strategiese produksie-eenheid beplanning en inwerkingstelling	Besigheidsplan. Strategiese belang uiteensetting. Implementering van aksies en tydslyne.
Opleiding en tegniese vaardighede ontwikkeling	Ondersteuning en opleiding aan tegniese personeel en produksiebestuur.
Peste en swambestuur	Bestuur van fitosanitêre peste en area wye benadering spesifiek gefokus op Mediterreense Vrugtevlieg en Vals Kodlingmot. Beste volhoubare bestuurspraktyke.
VAMF (Modelplaas en kommersiële ontwikkeling)	Verseker volhoubare produksie-eenheid.
Plantverbetering	Stel kwaliteitsparameters in plek. Identifiseer verbeterings en risiko parameters.
Produksiemodel opstellings	Afbreek van koste per eenheid asook inkomste lyne.
Weerstasies en vroeë waarskuwings sisteme	Bestuur en konstante ontwikkeling van die stelsel Onderhoud van stasies Kommunikasie van ekstreme kondisies en tydige bestuur daarvan advisering
Oordrag van inligting	Studiegroepe Veld inligtingsessies Inligtingsdae Opleiding
Natuurlike hulpbronbestuur	Gariep Watch watermonitering
Data bestuur en vasvang van inligting	Rekordhouding sisteme en praktiese uitrolprogramme
Tegniese konsultasie	Strategiese belang en gefokusde benadering



# Transformasie





# SA GAP DRYING FACILITY AUDITS 2024

*By: Filomaine Schwartz,  
Eksteenskuil Agricultural Cooperative*

*On behalf of the Eksteenskuil Agricultural Cooperative, we would like to express our heartfelt gratitude to Raisins SA and the Department Agriculture, Environmental Affairs, Rural Development and Land Reform for their generous funding support towards the PPECB drying facility audits for our emerging farmers.*

The financial assistance has been instrumental in facilitating our project activities. We were able to audit 78 emerging farmers, including 19 females and 59 males, resulting in 69 farmers achieving gold status, 6 achieving silver status, and 3 achieving bronze status. These achievements signify a significant step forward in our quest for agricultural excellence and sustainability. Furthermore, the support has contributed to the sustainability factors outlined in the report. With the assistance provided, the Eksteenskuil Agricultural Cooperative is committed to maintaining up-to-date drying facility files and ensuring that all relevant information is accurately applied. This commitment underscores our dedication to long-term success and responsible agricultural practices.

We wish to extend our sincere appreciation to Raisins SA and the Department of Rural Development and Land Reform for their unwavering support. Without the financial assistance and guidance, it would have been challenging for us to achieve our goals and objectives. The partnership has been invaluable in empowering our emerging farmers and fostering positive change within our community.

Once again, thank you for your generosity and commitment to our cause. We look forward to continuing our collaboration and making further strides towards a sustainable and prosperous raisin industry.



# Potato SA symposium charts path for industry transformation

*By: Sinenhlanhla Mncwango, Food For Mzansi*

*Industry leaders, farmers, and organised agriculture gathered as the Potato SA Transformation Symposium navigated through the possibilities, successes and challenges of the transformation agenda in the commodity.*

Role players have urged that collaboration and unearthing raw talent in terms of involving young people was key in ensuring the commodity was walking the talk.

The attendees, which included economists, government officials and experts, said in one voice that transformation cannot be delayed any longer, however, it needed to be implemented with everyone on board.

Potato SA transformation chairperson Meshack Ndongeni believes that transformation in the potato industry is underway and added that it is not aimed only at commercial farmers, but to small-scale farmers.

*The Potato SA Transformation Symposium this week addressed the challenges and opportunities in advancing the commodity's transformation agenda. Insights underscored the need for practical support for farmers, including access to finance and markets.*





## *Development leads to transformation*

Ndongeni said through transformation, small-scale farmers are able to transition to becoming large-scale commercial farmers and create jobs and contribute to the economy.

“

*We as Potato SA make this journey easy for our farmers and we help farmers even get seeds for free, and this is supposed to help mitigate the potato input costs. We also provide markets for farmers and promote financial linkage.*

”

According to National Agricultural Marketing Council (NAMC) chairperson Angelo Petersen, while transformation is a step in the right direction, regulating policies that support transformation in the sector is important.

“The world has become violent and chaotic and there is a constant speed of change, especially with technology. Geopolitical changes are increasing and we are not spared.

“Statutory measures, specifically levies, play an important role in enabling growth and development in the agricultural industry.

It costs money to transform and in our local agribusiness, we need to find smarter and innovative ways to do so. Collaboration then emerges as the core of systematic transformation and business development,” he said. Petersen stressed that by forging partnerships along the value chain and building relationships and having conversations with the government, the sector can develop a culture of innovative knowledge exchange and collective problem-solving.

“

*Our success hinges on our adaptability to changing technologies by accessing knowledge and different trainings and staying up to date with industry advancements.*

”

## *Sustainability and youth*

Medupi Shabangu, AgriSeta’s executive manager of programming and projects, highlighted the different strategic approaches to nurturing and enhancing human capital for sustainable economic growth.

“We need to focus on transformation by zooming into skills development in the youth simply because the youth are the future of this country and they cannot be left behind,” he said.



Khula chief executive officer Karidas Tshintolo said for him, transformation is all about making transformation practical and sustainable.



*“It is important to implement practical things that allow farmers to grow by giving them easier access to finance, markets, and production support.”*



“Practical help for growing by giving necessary and much-needed support to farmers is what Khula does in supporting transformation,” said Tshintolo.

Simone Oliphant, the transformation manager of Raisins South Africa, highlighted how the raisins industry dealt with transformation, and added that it is all about having a sustainable farmer.





# Scatec BURSARY PROGRAM ORIENTATION

By: Desiree Adams, VAMF

“

*A simple but powerful reminder of the positive domino effect a good education can have on many aspects of a person's life and outlook.*

”



The importance of education cannot be stressed enough, and that is why it remains a key focus of Raisins SA to aid in the transformation of the lives of young people and through SCATEC and their well-received and highly appreciated collaboration, we are able to pay it forward by lifting the financial burden of 15 underprivileged learners by paying their school fees (including hostel fees for hostel learners).

Instituting strategic planning was to accommodate 5 learners from grade 10 and assist them until grade 12, but since last year we were able to accommodate another 5 learners and this year 5 more. We want to thank SCATEC for their support through the years and continuous support.

The 15 bursary learners from HMO who attended a bursary handover ceremony at HMO on the 22nd of February 2024, where a brief welcome address was delivered by Dr Andries Daniels, Head of Research and Development at Raisins SA and Academic Head at the VAMF, on behalf of Simone Oliphant, Transformation Manager, emphasizing the importance of the bursary program and expressing gratitude to the students and their parents/guardians for their participation.

The terms and conditions of the bursary program were presented, highlighting key aspects such as academic performance requirements, conduct expectations, educational tours and stationery that will be provided to the learners in due time. Dr Daniels also shared that the VAMF will avail 10 iPads in the afternoon for the learners to use when doing their homework and assignments.

The event concluded with closing remarks, reiterating the organization's support for the students and encouraging them to make the most of the opportunities provided through the bursary program.



# Inligting & Kommunikasie



# HEFFINGSAANSOEK PROSES 2025 - 2028



Raisins SA moet teen Junie 2024 sy nuwe heffingsaansoek vir 2025-2028 indien by die Minister van Landbou. Die doel van die maatreëls waarvoor aansoek gedoen is in terme van seksie (10) van die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, Nr. 47 van 1996, soos gewysig, is om die belange van die bedryf in geheel te bevorder.



## Wie is Raisins SA?

Raisins SA is 'n bedryfsorganisasie wat die visie van 'n volhoubare en mededingende SA rosynebedryf bevorder.

## Wie verteenwoordig ons?

Raisins SA tree op as die amptelike liggaam en dien as die spreekbuis vir die SA rosynebedryf, en verteenwoordig ongeveer 700 produsente

Die volgende stappe was alreeds in 2023 gevolg, tot aanloop van die heffingsaansoek:



### PROJECT RISE 1.0



#### Opname

178 produsente | 3 verpakkers



#### Dinkskrum 1

9 belanghebbendes



#### Dinkskrum 2

15 produsente | 3 verpakkers  
4 finansiële instellings



#### Landboupraatjie

137 belanghebbendes



### PROJECT RISE 2.0



# HEFFINGSAANSOEK PROSES 2025 - 2028

## Hoekom en waar speel Raisins SA 'n rol?

Raisins SA dien as jou verteenwoordiger wat die belange van rosyneproduksie/bemarking op verskeie gebiede verteenwoordig en bevorder. Dit sluit kortliks die volgende in:

### Markintelligensie

verskaf deeglike produksie-/markinligting aan die finansiële sektor, om te verseker dat inligting op 'n deursigtige manier beskikbaar is om toegang tot kapitaal te ondersteun.

### Skakeling met sleutel rolspelers

die IDC (as ontwikkelingsbank) vir toegang tot noodfondse, asook hervestigingskema.

### Nuwe kultivars

om seker te maak dat produsente toegang het tot die nuutste tegnologie wat kultivars (bo- en onderstokke) aanbetref.

### Plantverbetering

bepaalde kultivars is beskikbaar, wat die fokus op plantverbetering selfs meer belangrik maak. Werk op herstrukturering van plantverbetering as prioriteit.

### Marktoegang en groei van mark

te verseker toegang tot markte word verkry (bv. Indonesië Voorlegging van die hersiene PROJECT RISE 2.0 aan Raisins SA se direksie, vir insette en goedkeuring daarvan. inligting en

### Vloei van deursigtige en volledige inligting


gebruik van nuusbriewe, sosiale media en produsente groepe om nuutste gebeure en aksies te deel.





# HEFFINGSAANSOEK PROSES 2025 - 2028

In 2024, sal die aanloop tot die heffingsaansoek (vir 2025-2028) die volgende aksies bevat:





# Raisins SA direksie



*Johannes Fourie*

Graag wil ons ons hartlike dank uitspreek teenoor Johannes Fourie, wie na die herstrukturering van DTD, gedien het as die voorsitter van Raisins SA. U insette was en is van onskatbare waarde, en u oop deur, oor wat altyd gereed was om te luister, asook menswees, het die Raisins SA personeellede se lewens aansienlik vergemaklik.



*Baie dankie vir u diens en  
betrokkenheid in die rosynebedryf.*



Johannes bly aan as 'n direksielid, maar het afstand  
gedoen van die voorsittersrol.



*David van der Merwe*

David van der Merwe het vanaf 2022 opgetree as die ondervoorsitter, en is Desember 2023 verkies as die nuwe voorsitter van die direksie.



*Ons wil vir u alle sterkte toewens met  
die groot taak – ons is opgewonde om  
nou saam met u te werk en u insette te  
inkorporeer in die wyse waarop ons ons  
produsente dien.*



*Van Zyl Vorster*

Groot geluk aan Van Zyl Vorster, vanaf die  
Olifantsrivier, wie as ondervoorsitter van die direksie  
verkies is op 13 Desember 2023.

# SA GAP PPECB droogbaanoudits 2024

Deur: Madene Conradie, Raisins SA

Droogbaanoudits is sedert 2018 in werking gestel, om voedselveiligheid en naspeurbaarheid in die bedryf te bevorder. Dit word behartig deur onafhanklike PPECB ouditeure.

## Die volgende elemente word deur droogbaanoudits aangespreek:

- Naspeurbaarheid
- Kontaminasie
- Higiëne
- Chemiese middels
- Etiese aspekte

Deur bewyse (die oudits) te kan gee dat daar effektief aan al die bogenoemde maatstawwe voldoen word, word marktoegang bevorder. Dit verseker 'n veilige omgewing waarin voedsel produseer kan word, en dat onveilige produk vinnig onttrek kan word vanuit die mark.



Dit bevorder uitvoere, en indien die elemente wat deel vorm van die oudit 100% reg uitgevoer word, verseker dit uitstekende gehalte rosyne. Goeie gehalte produk begin op plaasvlak.

## Hoëvlak terugvoer oor 2024 se oudits:

540\* oudits afgehandel



**342 goue**  
graderings



**36 silwer**  
graderings



**136 brons**  
graderings

21 not compliant//suspensions

Elke produsent kry 5 kalenderdae om "major non-conformances" reg te stel, en 29 kalenderdae om "minor non-conformances" reg te stel. Indien die regstelling buite hierdie raamwerk val, sal die oudit van vooraf gedoen moet word.

Verseker asseblief dat u u regstellings so spoedig moontlik deurgee, om te voorkom dat die inname van u produk gestaak word.

\*daar is 5 oudits wat dubbeld plaasgevind het.



# Verhoging in die nasionale minimumloon

Deur: Marius Orffer, Orffer & Van der Merwe

## VERHOGING IN NASIONALE MINIMUMLOON

Die Minister van Indiensneming en Arbeid, Thulas Nxesi, het die verhoging in die Nasionale Minimumloon met publiserings in die Staatskoerant op 2 Februarie 2024 aangekondig.

'n Verhoging van **8.5%** is met ingang van **1 Maart 2024** van toepassing en beloop **R27.58/uur**.

### PER DAG

**R27.58** PER UUR X **8 URE** GEWERK **R220.64**

**R27.58** PER UUR X **9 URE** GEWERK **R248.22**

### PER WEEK

**8 URE** DAG **R220.64 X 5** DAE GEWERK **R1 103.20**

**9 URE** DAG **R248.22 X 5** DAE GEWERK **R1 241.10**

### PER MAAND

**R27.58** PER UUR X **195 NORMALE URE** GEWERK

**R5 378.10**

Daar is ook verskillende minimumlone vir die kontrakskoonmaak en groot- en kleinhandel sektore asook vir leerlingskap toelaes gepubliseer.

## AANSOEKE OM VRYSTELLING VAN BETALING VAN VERHOOGDE NASIONALE MINIMUMLOON

Gegewe die negatiewe implikasies van die verhoogde Nasionale Minimumloon op die ekonomiese voortbestaan van baie besighede, besef ons dat al hoe meer werkgewers dit oorweeg om aansoek tot doen om vrystelling van die betaling van die verhoogde Nasionale Minimumloon. Regulasies tot die Nasionale Minimumloonwet, 9 van 2018 soos gepubliseer in staatskoerant Nr 42124 gedateer 19 Desember 2018 maak voorsiening vir werkgewers om aansoek te doen om vrystelling van betaling van die Nasionale Minimumloon.

Aansoek kan aanlyn gedoen word op die Nasionale Minimumloon Vrystellingstelsel in die formaat wat vereis word.



Vrystelling sal slegs deur die Direkteur-generaal van die Departement van Arbeid en Indiensneming toegestaan word indien hy tevrede is dat :

- (a) Die werkgever dit nie kan bekostig om die minimumloon te betaal nie; en
- (b) Elke verteenwoordigende vakbond wat een of meer geaffekteerde werknemers verteenwoordig betekenisvol gekonsulteer is, of in die afwesigheid van sodanige vakbond, die geaffekteerde werknemers betekenisvol gekonsulteer is.

Die bepalinge van 'n werkgever kan bekostig om die Nasionale Minimumloon te betaal word gedoen ooreenkomstig die besluitnemingsproses soos uiteengesit in Skedule 1 tot die voormelde Regulasies. Die elemente van winsgewendheid, likiditeit en solvensie word gebruik om beskikbaarheid van die betaling van die minimumloon te toets.

Finansiële state vir 'n termyn van drie jaar (huidige jaar en vorige twee jare) asook 'n balansstaat word onder andere as deel van 'n aansoek vereis.

Vrystelling om betaling van die verhoogde minimumloon mag slegs verleen word vanaf die datum van sodanige aansoek om vrystelling en mag nie 'n tydperk van 12 maande oorskry nie. Enige aansoek om vrystelling sal slegs oorweeg word indien die applikant nakoming aan enige statutêre betalings, insluitende maar nie beperk nie tot die Werkloosheidsversekeringsfonds, Ongevalleffonds en enige toepaslike Bedingsraadooreenkoms kan bevestig. Kliënte wat oorweeg om aansoek te doen om vrystelling van betaling van die verhoogde minimumloon is welkom om met ons te kontak vir hulp en bystand.

## WET OP GELYKE INDIENSNEMING: NUWE KONSEP SEKTORALE TEIKENS VIR KOMMENTAAR GEPUBLISEER

Die gewysigde Regulasies ten opsigte van Gelyke Indiensneming Sektorale Teikens is op 1 Februarie 2024 in die Staatskoerant gepubliseer. Die sperdatum vir kommentaar op hierdie gewysigde Regulasies is 30 April 2024.

Hierdie konsep teikens fokus op top- en middelbestuur, professioneel-gekwalfiseerde en geskoolde vlakke en persone met gestremdhede. Geen teikens vir die semi-geskoolde en ongeskoolde vlakke is gepubliseer nie en werkgevers moet steeds die relevante Ekonomies-aktiewe bevolking op hierdie twee beroepsvlakke in oorweging neem. Verder word geen onderskeid tussen die nasionale en provinsiale Ekonomies-aktiewe bevolking in die Regulasies getref nie.

Daar word verwag dat die promulgering van die Wysigingswet op Gelyke Indiensneming sal plaasvind nadat die Regulasies gefinaliseer is – waarskynlik gedurende die tweede helfte van 2024.

Nadat die Wysigingswet op Gelyke Indiensneming in werking getree het, sal benoemde werkgevers (wat werkgevers met minder as 50 werknemers uitsluit ongeag die omsetsdrempel) die finale Sektorale Teikens in ag moet neem wanneer hulle vyfjaar teikens bepaal, asook die Ekonomies-aktiewe bevolking hierin moet integreer.

Dit is belangrik om daarop te let dat die konsep Sektorale Teikens slegs verwys na “people from designated groups” as ’n geheel en byvoorbeeld nie onderskei tussen die verskillende rasse-groepe nie – dit stel een teiken per beroepskategorie insluitende alle Swart-kategorieë (Swart, Indiër en Kleurling) en gestremde persone, en maak slegs ’n afsonderlike onderskeid gebaseer op geslag binne daardie groep.

Daar is 7 kern regverdigings wat ’n werkgewer kan aanvoer waarom die gestelde numeriese teikens nie bereik is nie.

### Dit sluit in:

- Gebrek aan werwingsgeleenthede;
- Gebrek aan bevorderingsgeleenthede;
- Onvoldoende geteikende individue uit die aangewese groepe met relevante kwalifikasies, vaardighede en ondervinding;
- CCMA-arbitrasie-toekennings en Hofbevele;
- Oordra van ’n besigheid;
- Samesmeltings en verkryging van besighede;
- Impak op besigheid-ekonomiese omstandighede.





*Juicy South African raisins add a fruity sweetness to these delicious Easter buns. Making them is so satisfying – and eating them is even better!*

**Preparation time: 25 minutes,  
plus approx. 2 hours to rise**  
**Cooking time: 20-25 minutes**  
**Makes 12**

**Ingredients:**

- 500g strong white bread flour
- 40g butter, plus extra for greasing
- 1tsp salt
- 2tsp fast action dried yeast
- 50g caster sugar
- 1tsp ground cinnamon
- Finely grated zest of 1 orange
- 150g South African raisins
- 300ml milk
- 1 egg
- A little vegetable oil

**To finish:**

- 80g plain flour
- 50g caster sugar

# Spiced Orange and South African Raisin Hot Cross Buns

*By: Sam Linsell, Drizzle and Dip*



### Instructions:

- Put the flour into a large mixing bowl. Add the butter and rub it in with your fingertips until the mixture looks like fine crumbs. Add the salt, yeast, sugar, cinnamon, orange zest and raisins, stirring them in to mix thoroughly.
- Heat the milk until lukewarm, then beat in the egg. Add to the flour mixture and stir it through, then draw the dough together with your hand. Transfer to a floured worktop and knead for 10 minutes, until the dough is smooth and elastic.
- Put the dough back into the clean, lightly oiled bowl and cover with cling film. Leave to rise in a warm place for about 1 hour, or until doubled in size.
- Turn out the dough onto a lightly floured surface and knead very lightly for just a few moments, then cut into 12 equal pieces and shape into buns.
- Lightly grease a baking sheet with a little vegetable oil, then arrange the buns on top. Leave to rise in a warm place for about 50-60 minutes. Preheat the oven to 200°C, fan oven 180°C, Gas Mark 6.
- Meanwhile, mix the plain flour with a little cold water to make dough for the crosses. Roll out and cut into 24 short lengths. Place on top of the buns once they have risen. Bake the buns for 20-25 minutes, until risen and golden brown.
- Heat the caster sugar with 5 tablespoons of water for 2-3 minutes to make a glaze. Brush over the buns while they are warm.

### Cook's tips:

- Instead of making dough crosses, you could just use a sharp knife to cut a cross on top of each bun.
- Use lemon zest instead of orange if you prefer.
- You could use ground mixed spice instead of cinnamon.







# Kantoornuus

*Graag verwelkom ons die volgende personelede by die Raisins SA span!*

## Stacey Flemming

Stacey was born and raised in Kimberley. She attended Girls' High School and then ventured off to study at Stellenbosch University where she obtained a B.Sc in Plant and Soil Science majoring in Plant Pathology and Entomology degree. In her spare time, she loves drawing and going on hikes.

Stacey is part of the graduate internship programme, run by DALRRD. She will be assisting the BDSP portfolio, stationed in Upington.

*"I am very excited about this new opportunity at Raisins SA and look forward to making the most out of it!"*



## Abraham Vermeulen

Abraham Vermeulen het gematrikuleer aan Hoërskool Vredenburg in 1988, waarna hy B.Sc Agric aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer het. In 1994 het hy sy Hons. B.Sc Agric met Plant Patologie en Genetika voltooi. In September 1995 het Abraham by die LNR Infruitec-Nietvoorbij in die Siektebestuur afdeling begin werk. In 1997 het hy sy M.Sc Agric (Plant Patologie) verwerf. By die LNR het hy homself opgewerk tot navorser. As navorser het hy verskeie projekte hanteer.

Abraham was ook 'n groot deel van sy loopbaan verantwoordelik vir die diagnostiese diens by die LNR Infruitec-Nietvoorbij, waar hy waardevolle ondervinding opgedoen het oor wingerdsiektes en verbouingsfoute in die praktyk. Junie 2021 het Abraham by SAPO Trust in Stellenbosch aangesluit, as bestuurder van die Wingerd afdeling. Daar het hy die wingerd plantverbetering afdeling bestuur tot groot sukses.

Abraham sal vanaf die Vine Academy and Model Farm in Kakamas werksaam wees.



### *Chantelle Kotzé*

Chantelle is gebore en getoë in Uppington. Sy het grootgeword op 'n wingerd en kleingewas plaas te Dyasonsklip. Dit is hier waar haar liefde vir die omgewing se produsente en druiwe ontstaan het. Chantelle was 5 jaar werksaam by Oranje Rivier Wynkelders se bemarkingsafdeling, het daarna 'n vinnige draai gaan maak in die rosyntjie-bedryf toe sy by Prosperitas Foods se span aangesluit het en is uiteindelik na 5 jaar in die toerisme-bedryf, baie opgewonde terug, oor haar bydrae wat sy nou in die rosyntjie-bedryf wil maak.

*Die Inligting & Kommunikasie protefeulje gaan deur Chantelle aangevul word.*





# Kalender

## April 2024

\*Tentatiewe datums wat steeds kan verander

Sunday	Monday	Tuesday	Wednesday	Thursday	Friday	Saturday
31	<b>FAMILIEDAG</b> 1	2	3 Skole begin kwartaal 2	4	5 Tegniese komitee vergadering	6
7	8	9	10	<b>RSAMF VERG</b> 11	12	13
14	15	16	17 GI application training	18	19	20
21	22	23	24 <b>DWPO OR VERG + heffingsessie</b>	25 <b>DWPO OL VERG + heffingsessie</b>	26 Kantoorbraai Michael Redelinghuys afskeid	<b>VRYHEIDSDAG</b> 27
28	29	30	<b>WERKERSDAG</b>	2	3	4
5	6	Notes				



# Kalender

## Mei 2023

\*Tentatiewe datums wat steeds kan verander


Sunday	Monday	Tuesday	Wednesday	Thursday	Friday	Saturday
28	29	30	1 WERKERSDAG	2	3	4 KLIPSPRINGER
5 FB INC hlp - UK KLIPSPRINGER	6 FB INC hlp - UK	7 FB INC hlp - UK	8 FB INC hlp - UK	9 FB INC hlp - UK	10 FB INC hlp - UK ORLU bestuursverg	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23 HEFFINGSAANSOEK - STRAT sessie	24 HEFFINGSAANSOEK - Voorlegging aan direkte Direksievergadering #1	25
26	27 Kakamas produsente inligtingsdag	28 Kanonelland produsente inligtingsdag	29 STEMDAG	30 Grabbershoop produsente inligtingsdag	31 Plant Powered Show - Kaap	1 Plant Powered Show - Kaap
2	3	Notes				



# Kalender

## Junie 2023

\*Tentatiewe datums wat steeds kan verander

JUNIE 2024							
Sunday	Monday	Tuesday	Wednesday	Thursday	Friday	Saturday	
26	27	28	29	30	31	1	
					Plant Powered Show - Kaap	Plant Powered Show - Kaap	
2	3	4	5	6	7	8	
Plant Powered Show - Kaap		SAPO @ 09:00	TRANSCOM MEETING Ollantsoemon Producers Inligtingsdag	TEGIESE KOMITEE VERG RPO Noord-Kaap kongres	KSAMF VERG		
9	10	11	12	13	14	15	
	HEFFINGSAANSOEK ROADSHOW - WYK 1	HEFFINGSAANSOEK ROADSHOW - WYK 2&3, reis na OL	HEFFINGSAANSOEK ROADSHOW - WYK 4		Skole sluit kwartaal 2 TRANS AUGRABIES MTB	TRANS AUGRABIES MTB	
16	17	18	19	20	21	22	
JEUGDAG TRANS AUGRABIES MTB	JEUGDAG			FFA direksieverg @13:00			
23	24	25	26	27	28	29	
		AFRICA AGRITECH 2024 @ PTA	AFRICA AGRITECH 2024 @ PTA	AFRICA AGRITECH 2024 @ PTA CULDEVCO @14:00	HEFFINGSAANSOEK INSTUUR NUUSBRIEF 2		
30	1 Notes						



# Bedryfstrukture



# GARIEP WATCH TERUGVOER – MAART 2024

*Deur: Fritz Bekker, Gariep Watch*

## 1. GARIEP WATCH NAVORSING

Fritz Bekker van Gariep Watch gebruik 2024 om saam met die Universiteit van Stellenbosch verdere navorsing op die laer Vaal- en Oranjeriviere te doen en die navorsing te publiseer. Hierdie proses is belangrik om geloofwaardigheid te verleen aan die werk deurdat dit 'n proses van portuurbeoordeling ondergaan.

Daar word beoog om 'n watergehaltebestuursplan vir hierdie riviere te ontwikkel na aanleiding van die navorsingsresultate wat dan sal fokus om risiko's op watergebruikers te bestuur of te beperk. Die navorsingsuitsette gaan ook gebruik word om op hoë vlak die watergehalterisiko's onder die regulatoriese owerhede se aandag te bring. Hierdie navorsingsresultate sal dan ook gebruik kan word vir litigasie soos met skadevergoedingseise, indien nodig.

Die navorsing word omsigtig hanteer en gepubliseer om nie enige inligting te bevat wat nie reeds in die openbare domein is nie en wat moontlik uitvoergeleenthede nadelig mag beïnvloed.

## 2. SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE

'n Volledige verslag en skrywe wat al die rioolstortings na die laer Vaalrivier en laer Oranjerivier bespreek, is op 4 Maart 2024 aan die SAMRK gestuur. 'n Vergadering is hierna deur die SAMRK versoek waar al die rolspelers betrokke sal wees.

## 3. MONITERINGSPROGRAM

Die eerste kwartaalike riviermonitering van 2024 is voltooi in die eerste week van Maart. Alhoewel daar steeds van die Desember 2023 data uitstaande is, is daar aanduidings dat die bakteriologiese watergehalte (E. coli) verswak het in die Oranjerivier noudat die hoogvloeitoestande verby is.


Die E. coli telling stroom-af van Orania was baie hoog teen 199 cfu in Maart 2024. Die Desember 2023 telling was ook uitermate hoog. Hierdie aspek is direk met die Orania dorpsbestuur opgeneem. Die E. coli tellings by die De Bron punt stroom-af van Hopetown was 108 cfu en 114 cfu by Marksdrift in Maart 2024.

Die beskikbare inligting wys dat die bakteriologiese besoedeling tans aansienlik laer is in die laer Vaalrivier met 'n E. coli telling van 1 cfu in Douglas Stuwal soos gemeet op 6 Maart 2024. Die E. coli telling stroom-af van Douglas in die Vaalrivier by Vaal-Casa was ook laer teen 25 cfu.



### 3.1 Laer Vaalrivier


Onderstaande grafiek wys die E. coli tellings soos gemeet in die laer Vaalrivier. Dit is opmerkbaar dat daar, buiten vir 'n hoë lesing van 44 cfu in September 2023, 'n verbetering in bakteriologiese watergehalte is sedert Maart 2023. Dit is duidelik dat van die ergste probleme by Vaal-Casa gemeet word net voor die samevloei waar Douglas se rioolpompstasies langs die rivier dikwels oorloop.



Figuur 1: E. coli tellings soos gemeet in die laer Vaalrivier

### 3.2 Middel Oranjerivier


'n Verswakking in bakteriologiese gehalte kan gesien word by die Orania punt stroom-af van hierdie woongebied asook by die De Bron punt stroom af van Hopetown. Die E. coli telling soos gemeet by Prieska verbeter oor tyd.



Figuur 2: E. coli tellings soos gemeet in die middel Oranjerivier

### 3.3 Laer Oranjerivier

Onderstaande grafiek wys dat die bakteriologiese besoedeling van die laer Oranjerivier nog nie onder beheer is nie met hoë E. coli vlakke veral by Kanoneiland en Kakamas. Daar is egter 'n aansienlike verbetering sedert die baie hoë E. coli vlakke van 2022 by hierdie moniteringspunte teen 25 cfu.



Figuur 3: E. coli tellings soos gemeet in die laer Oranjerivier





# Droogduif Lugspatte 2023/2024

## Benede Oranjerivier Vallei

Deur: Ghian du Toit, FFA



**Lugopereur:** Sandriver Crop Protection

**Vaartuie Gebruik:**

- Twee Airtractors (AT-402) vaste vlerk vliegtuie
- Een Bell 206 Helikopter

**FFA Area Koördineerder:** Wiebe Obbes

**Chemiese Verskaffer:** Inteligro

**Spat Datums:**

- Week 2 (9-14 Jan 2024)
- Week 4 (22-28 Jan 2024)

**Hektare Gespat:**

- Week 2: 13'854 ha
- Week 4: 13''902 ha

**Produk:** GF120NF (1L GF + 1L water per hektaar)

**Areas gedek:** Augrabies tot Boegoebergdam

**Weertoestand:** Die weer was ons baie goedgesind, en spatte het gewoonlik tussen 5:30 en 10:30 plaasgevind, voordat dit te warm raak.



Airtractor 402 maak gereed om op te styg (11 Jan 2024).



**Kwaliteitskontrolle:**

Bande word uitgelê om gespatte druppels mee op te vang, en druppelgrootte en verspreiding te meet.



Today 11. January

Time	Temp. C°	Precip. mm	Wind(Gust) k...
06	18°		12 ↗
07	20°		11 ↗
08	22°		12 ↗
09	25°		13 ↗
10	28°		11 ↗
11	30°		8 →
12	32°		9 ↘
13	33°		11 ↘
14	34°		13 ↘
15	35°		16 ↘

Weerstoestande word deurgaans gemeet en in ag geneem.



Alle toerusting word vooraf gekalibreer volgens spesifikasie.

134x dromme GF120 (van 208L elk) is in totaal gebruik



“

Baie dankie vir u bydrae en ondersteuning van ons area-wye lugspat program.

”



Bell 206 helikopter kom land om weer 'n vrag te neem (10 Jan 2024).





# Wie en wat is Culdevco

*Deur: Mishkaat Anderson, Culdevco*

*Culdevco is vanjaar 19 jaar oud - ons het 15 jaar se ondervinding m.b.t. kultivarontwikkeling. Culdevco is 'n bemarkings- en kommersialiseringsagent met meer as 150 variëteite waarvan 75% van die variëteite plaaslik asook internasionaal gekommercialiseer is.*

Met ons globale netwerk- en lisensiehouers verseker ons "handelsmerk kontinuïteit" tussen die suidelike en noordelike halfrond wat bemarking aanbetref, asook die diens van kettingwinkel programme internasionaal.

Culdevco bemark en kommersialiseer slegs LNR kultivars. Al het Culdevco 'n globale netwerk, bly die Suid-Afrikaanse produsent ons eerste prioriteit in terme van kultivarontwikkeling.

Die voordeel moet wees vir ons Suid-Afrikaanse produsente, dus werk Culdevco nou saam met die LNR sodat ons plaaslike geteelde kultivars wat aanpasbaar is vir die Suid-Afrikaanse bedryf promoveer.

## *Die rol van Culdevco in terme van kultivarontwikkeling:*

Met die verloop van jare, tegnologie en die veranderinge in die bedrywe, het die fokuspunt van kultivarontwikkeling ook baie verander. Raisins SA is een van vyf aandeelhouers van Culdevco, en ons teel vir die droogdruifindustrie ook. Op Culdevco se nuwe model is ons meer gefokus om te teel vir spesifieke eienskappe, asook om meer relevant te wees in die internasionale markte. Wanneer ons 'n potensiële kultivar teekom in ons evaluasieblokke, nadat die teelkomponent plaasgevind het, begin ons, tesame met ons onafhanklike evalueerders (Provar), om die potensiële kultivar te evalueer. Dit vat ongeveer vir ons (Culdevco/Raisins SA se tegniese span/Provar) drie intense jare van data versameling en hortilogiese monitering, asook na-oes navorsing, voordat ons hierdie potensiële kultivar vrystel in die mark. Culdevco sal eers die kultivar semi-kommersialiseer, en laat aanplant by verskeie produsente in verskillende mikro klimate. Die proses van kommersialisering is 'n baie tydsame proses vanaf teling. Dit neem soms 7-10 jaar om een kultivar suksesvol vry te stel.

Culdevco kry baie navrae aangaande hierdie tydsame proses, en baie is van die opinie dat hierdie proses baie vinniger kan geskied. Culdevco steun die feit dat evaluasie deeglik moet geskied, terselfdertyd, soos die kultivar potensiaal toon oor 2–3 seisoene, doen ons aansoek vir PTR (Planttelersregte) en ons kan dan hierdie kultivar semi-kommersieel aanplant by produsente.

“

*Tans is daar by Raisins SA drie belowende kultivars in die gevorderde fase van evaluasie.*

”

Met die samewerking van Raisins SA se tegniese span, kan ons vir hierdie drie kultivars aansoek doen vir Planttelersregte. Hoe gouer hierdie kultivars geplant word in die bedryf as proef, hoe gouer kan ons duidelikheid/uitklaring kry vanaf produsente oor die kultivar.

Wanneer kultivars suksesvol gekommersialiseer word, en ook die aspek van winsgewendheid aanspreek, bied ons vir die bedryf ’n kultivar van uitstaande gehalte en meriete. Vir Culdevco tesame met die LNR is die eindresultaat prysloos, as produsente “return on investment” kry met die kultivar waarmee hulle mee boer.

*Indien daar enige navrae is aangaande kultivarkeuses van die LNR, kontak my gerus.*

*Groete*

Mish





# Raisins



South Africa

## Databasis

Vir 'n bedryf om optimaal te funksioneer, is dit van kardinale belang dat alle lede so goed ingelig moontlik is.

Verskeie platvorms word gebruik om inligting te versprei, met die twee vernaamste metodes e-pos en WhatsApp groepe.

Indien u slegs e-posse ontvang en ook op 'n WhatsApp groep wil wees, of omgekeerd, kontak asseblief vir



### NOTA

Indien u kontakbesonderhede verander, of indien u miskien weet van 'n rosyneprodusent wie nie inligting ontvang nie, sal dit hoog op prys gestel indien u die inligting aan Raisins SA kan deurgee.



# Kontak ons

Groenpuntweg 9, Kantoor 1, Keidebees • 054 495 0283 • [www.raisinsa.co.za](http://www.raisinsa.co.za)

**Ferdie Botha**

Hoof Uitvoerende Bestuurder



[ferdieb@raisinsa.co.za](mailto:ferdieb@raisinsa.co.za)



+27 84 800 6610

**Simoné Oliphant**

Transformasie Bestuurder



[simones@raisinsa.co.za](mailto:simones@raisinsa.co.za)



+27 71 814 2055

**Stefan Jordaan**

Agri Spesialis



[stefanj@raisinsa.co.za](mailto:stefanj@raisinsa.co.za)



+27 82 305 1555

**Madene Conradie**

Inligting en Kommunikasie Bestuurder



[madenec@raisinsa.co.za](mailto:madenec@raisinsa.co.za)



+27 79 862 9752

**Dr Andries Daniels**

Navorsing en Ontwikkelingbestuurder



[andriesd@raisinsa.co.za](mailto:andriesd@raisinsa.co.za)



+27 79 585 4277

**Percy Jooste**

Voedselveiligheid & Kwaliteit



[percyj@raisinsa.co.za](mailto:percyj@raisinsa.co.za)



+27 82 318 9455